# OGGEND-BYBELSTUDIE
# "GEBED"
## STUDIESTUK 4

<u>Enkele vooraf opmerkings</u>:

- Gebed is om voor God te buig.
- Gebed maak ons klein sodat God groot kan wees.
- **GEBED IS DIE DIEPSTE UITDRUKKING VAN ONS VERHOUDING MET GOD.**
- "Ons moet opnuut leer bid. En ons moet dit lewenslank inoefen. Ons gradueer nooit uit Jesus se skool van gebed nie."
- Te veel van ons gebede is behoeftegedrewe.
- Gebed is om gestroop van onsself te wees en om alles van Christus te verwag.
- GOD LUISTER NA ELKE GEBED WAT DIEP AFHANKLIK EN KINDERLIK OPREG NA HOM TOE KOM.

<u>VIR BIDDENDE NADENKE EN SAAM GESELS TYDENS BYBELSTUDIE</u>:

- Hoekom word gebede soms nie verhoor nie? (Lees Jakobus 4:1-3)

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

- Lees 1 Tessalonisense 5:17. Hoe kry 'n mens dit reg om "gedurig" of "sonder ophou" te bid?

- Lees Romeine 8:21-23. Om te bid is o.a. om in die bres te tree vir God se stukkende skepping . . . . Jou kommentaar.

- Lees Habakuk 2:1. Lewer kommentaar op die volgende aanname: "In mag is daar krag!"